## Sosiale wetenskappe

## Geografie


**Wat is 'n plaas?**
'n Oop gebied met 'n paar geboue waar mense kos produseer en diere aanhou



**Waar werk die meeste mense in landelike gebiede?**
Op die land

**Wat is landelike gebiede?**
Plekke waar mense woon

**Wat is stedelike gebiede?**
Plekke waar daar baie huise, paaie, winkels en ander geboue is



**Die werk wat ons in verskillende plekke doen**


**Noem 'n paar soorte werk wat ons in Suid-Afrika kan doen:**

- Mense werk op plase 
- Mense werk in fabrieke 
- Mense werk op die straat 
- Mense werk in spesiale geboue 

**Geboue in verskillende plekke**

**Noem 'n paar soorte materiale waarvan mense geboue maak:**

- Hout
- Modder
- Bakstene
- Sement




Kopiereg – Alle regte voorbehou

# Sosiale wetenskappe

## Geskiedenis

**Eenheid 4 – Wat ons by Mandela en Gandhi kan leer**


**Leierseienskappe**

**Hoekom was Nelson Mandela en Mohandas Gandhi belangrike wêreld leiers?**
Hulle het die geskiedenis van hulle land verander




**’n Leier is nie altyd perfek nie**

**Wat het party mense van Gandhi gesê?**
Dat hy meer van Indiërs gehou het as van swart mense



**Voltooi die volgende tabel?**

| **Hoe leier moet wees** | **Mandela en Gandhi as leiers** |
|---|---|
| Moet dapper wees en moed hê  | • Polisie het hul gedreig. Albei het baie kere in tronk beland<br>• Hul het gedoen wat hul geglo het al het mense probeer om hul dood of seer te maak |
| Moet verbondenheid en toewyding wys  | • Het hard gewerk op skool, het albei prokureurs geword<br>• Het hard gewerk om dinge in die land te verander |
| Werk vir beswil vir ander  | • Hul het dinge gedoen om ander se lewens beter te maak<br>• Het mense gehelp wat swaar gekry het as gevolg van onregverdige wette |

Kopiereg – Alle regte voorbehou

# Natuurwetenskappe en Tegnologie

**Onderwerp 1 – Energie en energie-oordrag**

**Eenheid 1.1 – Energie vir lewe**

**Energie vir alles wat ons doen**

**Noem 'n hernubare energiebron en sê hoekom dit hernubaar is:**
Windenergie, dit kan nie opgebruik word nie

**Noem 'n niehernubare energiebron:**
Olie – petrol word hiermee gemaak, wanneer al die olie opgebruik is, is dit klaar



**Energie van kos**

**Hoekom voel jy moeg wanneer jy nie geëet het nie?**

- Jou liggaam gebruik die kos wat jy eet vir energie
- Die kos wat jy eet help jou om goed te doen soos hardloop, spring, sing, dans en loop
- Dit help jou liggaam ook om belangrike interne prosesse soos, spysvertering en respirasie uit te voer

**Energie in kos kom van die Son**

**Waar kom die energie wat ons in kos kry vandaan?**

- Die energie wat ons van kos kry, kom van die Son af
- Plante, wat deur diere en mense geëet word, gebruik Son om energie vir hulself te maak

**Wat sou gebeur as daar nie 'n Son was nie?**

- Sonder die Son sou daar nie plante gewees het nie
- Diere en mense sou doodgaan van honger, want hulle sou niks gehad het om te eet nie

**Sleutelwoorde**

| | |
|---|---|
| Bron van energie | Waar die energie vandaan kom |
| Hernubaar | Kan hernu word |
| Nie-hernubaar | Kan nie hernu word nie, en sal uiteindelik opgebruik word |

Kopiereg – Alle regte voorbehou

## Lewensvaardighede

**Kwartaal 1 – Week 02 – Hoepelklim en rotasie-oefeninge**

**Wat beteken apartheid?**
Die tyd in Suid-Afrika toe swart mense van wit mense geskei was

**Wat beteken die naam “Mpilo”?**
“Lewe”




**Die menslike liggaam in aksie**
**Betowerende kleure**

**Wat maak ’n toneel of ’n kunswerk opwindend?**
Kleure



**Wat noem ons die drie hoofkleure in kuns?**
Primêre kleure

**Noem die drie primêre kleure:**

Rooi Geel Blou

**Wat noem ons die kleure as ons die primêre kleure meng?**
Sekondêre kleure

**Noem die 3 sekondêre kleure en verduidelik hoe dit verkry word:**

Geel + Blou = Groen

Blou + Rooi = Pers

Rooi + Geel = Oranje

Kopiereg – Alle regte voorbehou